HOËR VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

Plasketstraat Posbus 21 Graaff-Reinet Tel: 049 891 0514 Faks: 049 891 0515 hoof@hvsgrt.org.za www.hvsgrt.org.za

06 NOVEMBER 2020

# OUERS / VOOGDE EN LEERDERS

Die laaste skoolkwartaal van 2020 het op 02 November begin. Die week vakansie was 'n welkome geleentheid om diep asem te haal en gereed te maak vir die afsluiting van die skooljaar. Die belofte van reën in die karoo is altyd 'n Genade en word waardeer deur ons mense wat weet hoe kosbaar dit is.

Daar is nou baie COVID-19 gevalle op Graaff-Reinet, in ons streek en in die Oos Kaap. Dit is belangrik dat ons die veiligheidsregulasies by die skool, koshuis en in die gemeenskap streng sal toepas. Ons bring hulde aan lede van die gemeenskap wat hulle lewe in gevaar stel om die pandemie te beveg. Ons het medelye met families en skoolgemeenskappe waar daar sterftes voorgekom het. Vind u troos in u Kragbron in die lewe. Dit is ook belangrik dat ons mekaar sal ondersteun onder hierdie uitdagende omstandighede.

1. ***Graad 12*** **:** Die eindeksamen het reeds begin. Die Graad 12's word baie sterkte toegewens vir hierdie belangrike eksamen. Goeie voorbereiding is gedoen om hulle in die beste moontlike posisie te plaas om goeie uitslae te kan behaal. Nou rus daar 'n verantwoordelikheid op die leerders, met die ondersteuning van hulle ouers, om elkeen se beste te doen. Dit is die moeite werd om nou positief te bly tot wanneer die laaste vak geskryf word. 'n Mooi Totsiensmiddagetefunksie word beplan vir 11 Desember 2020 na die laaste vraestel geskryf is. Dit sal 'n spesiale geleentheid wees om hierdie uitdagende jaar af te sluit.

2. ***Finale toetsreeks*** **:** Die datum 27 November 2020 is hierdie week van die Departement van Onderwys ontvang wanneer die finale toetsreeks moet eindig. Volgens hierdie inligitng sal ons toetsreeks op 16 November 2020 begin en op 27 November 2020 eindig. Daar sal in twee sessies geskryf word om die veiligheidsmaatreëls te kan handhaaf.

   Graad 9 en 10 skryf die eerste sessie (07:30 – 10:00). Hulle meld vanaf 07:00 aan om hulle temperature te laat meet.

   Graad 8 en 11 skryf die tweede sessie (11:00 – 13:30). Hulle meld vanaf 10:30 aan om hulle temperature te laat meet.

   Die koshuisleerders se temperature word by die koshuis gemeet.

   Daar is 'n nuwe beplanning by die koshuis gedoen om al die koshuisleerders vir die twee weke van die toetsreeks te kan akkomodeer en nog steeds aan die COVID-19 veiligheidsregulasies te kan voldoen.

   Die handboeke is 'n kosbare besitting van die skool. Ouers / voogde en leerders moet seker maak dat handboeke beskikbaar en netjies is vir inhandiging op die dag wat die vak geskryf word. Verlore handboeke moet op die betrokke dag betaal word (R250,00).

   Die toetsrooster word aangeheg.

3. ***Prysuitdeling*** ***:*** Dit is belangrik vir Hoër Volkskool om erkenning te gee aan ons leerders vir mooi prestasies. Die besluit is geneem dat daar hierdie jaar wel erkenning sal gegee word vir akademiese prestasies. Die Graad 12-leerders het reeds hulle akademiese sertifikate tydens hulle Matriek Laaste Dagfunksie ontvang. Die beplanning is gedoen om aan die begin van 2021 akademiese sertifikate aan die Graad 8 tot 11-leerders te oorhandig.

4. ***Begroting 2021*** ***:*** Die begrotingsvergadering het op 04 November 2020 plaasgevind. Die begroting is goedgekeur deur die ouers wat die vergadering bygewoon het. Die skoolgeld vir volgende jaar is vasgestel op R17 500,00.

   Die koshuisbegroting is op 02 November 2020 goedgekeur. Die koshuislosies vir volgende jaar sal R22 250,00 wees.

   Baie dankie aan almal wat betrokke was by die opstel van die begrotings. U word verseker dat die beste belange van ons skool en koshuis altyd eerste gestel was in hierdie proses. Baie dankie aan elkeen wat getrou hierdie gelde betaal. Sonder u sal dit nie moontlik wees om 'n goeie standaard te kan handhaaf nie.

5. ***"Voete vir Volkskool"*** ***:*** Hierdie interessante fondsinsamelingsgeleentheid se datum verskuif na 05 Desember 2020. Daar is groot belangstelling in hierdie geleentheid. U word aangemoedig om te kom deelneem en dit te geniet. Die fondse wat ingesamel word sal in die beste belang van ons skool aangewend word. Ons sal in die toekoms voorstelle vir fondsinsamelingsgeleenthede verwelkom. Dit sal ons in staat stel om projekte aan te pak wat tot voordeel van ons skoolgemeenskap sal wees.

Hierdie jaar is soos 'n wedloop. Elke jaar kan met 'n wedloop vergelyk word. Die 2020 wedloop is naby aan voltooi. Kom ons hardloop hierdie wedloop tot by die wenpaal. Ons kan nie op ons eie krag staatmaak nie. Daar is altyd 'n Kragbron tot ons beskikking.

Vriendelike Volkskoolgroete.

J.T. Dörfling

J T DöRFLING
SKOOLHOOF

HOËR VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

[illegible]

# FINALE TOETSREEKS

1. Die finale toetsreeks strek oor twee weke.
2. Om gehoor te gee aan al die veiligheidsmaatreëls vir Covid-19 sal Grade 9 en 10 sessie 1 skryf, en grade 8 en 11 sessie 2.
3. Leerders meld by skool aan aan die begin van sy skryfsessie en kan weer verdaag aan die einde van sy skryfsessie.
4. Tye van sessies: **Sessie 1: 07:30 – 10:00**
   **Sessie 2: 11:00 – 13:30**
5. Rooster:

| Datum | Sessie | Graad 11 | Graad 10 | Graad 9 | Graad 8 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Ma, 16 Nov** | 1 | | LW / RTT / VBS | Eng | |
| | 2 | Rek / IGO / Toer | | | Wisk 1 |
| **Di, 17 Nov** | 1 | | Afr 1 | LO | |
| | 2 | Eng 1 | | | Afr |
| **Wo, 18 Nov** | 1 | | FW / Land / BS | EBW | |
| | 2 | Wisk 1 / WGL 1 | | | Teg |
| **Do, 19 Nov** | 1 | | LO | Wisk 1 | |
| | 2 | Afr 1 | | | SW |
| **Vr, 20 Nov** | 1 | | Wisk 1 / WGL 1 | Afr | |
| | 2 | FW / Land / BS | | | Eng |
| **Ma, 23 Nov** | 1 | | Eng 1 | NW | |
| | 2 | Eng 2 | | | LO |
| **Di, 24 Nov** | 1 | | Afr 2 | Wisk 2 | |
| | 2 | LW / RTT / VBS | | | EBW |
| **Wo, 25 Nov** | 1 | | Wisk 2 / WG 2 | Teg | |
| | 2 | LO | | | SK |
| **Do, 26 Nov** | 1 | | Eng 2 | SW | |
| | 2 | Afr 2 | | | Wisk 2 |
| **Vr, 27 Nov** | 1 | | Rek / IGO / Toer | SK | |
| | 2 | Wisk 2 / WG 2 | | | NW |

J.T.Dörfling

J.T.Dörfling
(Skoolhoof)